DIE BURGER, datum onbekend

deur POLLUX

"Ons moet 'n gerusstellende rol speel, die Afrikaners omhels ondanks die afskuwelike verlede.

"As ons nie so maak nie, reken ek, sal hulle liewer al vegtende sterf pleks van kompromie te maak.

"Baie van die jonger geslag blankes kan die gelykheid van swartmense aanvaar en respekteer."

● Dis nou 'n riem om die hart omhoog te lig.

Uit Lichtenburg ...

'N OU Lichtenburger lig my nader in oor die man in die middel van die belydenis-storm, die interessante prof. Willie Jonker.

Die Wes-Transvalers is kwaad vir hom, maar hy is self 'n Wes-Transvaler. Hy het matriek op Lichtenburg gemaak en sy ouditeur-broer was Nasionale LPR.

Aan Tukkies het hy omtrent dubbel so eel vakke vir BA geloop as wat vereis word . . . en in almal onderskeidings behaal. Tog het hy verwag om Grieks III te sak, want hy kon net veertig persent van die vraestel voltooi. Daarvoor kry hy toe 'n dubbele onderskeiding.

Hy het die unieke prestasie behaal om deur 'n Nederlandse universiteit gevra te word om daar professor in die teologie te word.

Hy was totaal verras toe die konserwatiewe Kweekskool van Stellenbosch hom beroep en het dadelik huis toe gekom.

Hy is 'n beskeie mens wat in die stilte enorme invloed het, sê my segsman.

Bey en vriend Willie

DR. BEYERS NAUDÉ verwys toe na prof. Jonker as "my vriend Willie".

Dr. Naudé was studenteleraar terwyl prof. Jonker op UP was. Hy en prof. Murray Jansön, wat saam in die klas was (en toevallig ook van Lichtenburg kom), het met dr. Naudé gaan praat omdat hy sy preke so swak voorberei het! vertel dieselfde lig van Lichtenburg.